

Katalogus: Kommersiële Produkte



Just try it.

'Stel dit Gerus op die Proef' is onlangs as slagspreuk bekendgestel om Neutrog se filosofie te weerspieël dat geen vergelyking aan die hand van konvensionele NPK-metodologie alleen tussen organies-gebaseerde bemestingstowwe en hul chemiese eweknieë getref kan word nie.

Organiese bemestingstowwe voorsien die grond nie net van 'n groot verskeidenheid voedingstowwe nie, maar belangriker nog, dit dien as katalisator vir gesonde groei deur die natuurlike prosesse te stimuleer wat in die grond voorkom.

Die enigste manier om jouself hiervan te vergewis, is om dit op die proef te stel! Trouens, Neutrog ondersteun en moedig toetse op al hul produkte aan.

'n Gehalteprodukt

Elke Neutrog-produkt ondergaan 'n unieke komposmakingsproses en word aan stoombehandeling onderwerp. Hierdie prosesse stabiliseer die voedingstowwe, optimaliseer die beskikbaarheid daarvan en verseker dat die produk vry van enige parasiete, patogene en onkruidsaad is. Belangrikste is egter dat die eindprodukt die mikrobiologie behou wat noodsaaklik vir die lewering van 'n 'lewende' bemestingstof is.

• Gesertifiseerd Organies

- Neutrog ontvang organiese sertifisering vir
- spesifieke produkte na 'n oudit van die
- metodes en prosesse vir die vervaardiging
- van hierdie spesifieke
- produkte, om te verseker
- dat hulle voldoen aan die
- standaard en riglyne
- soos deur die
- sertifiserende liggaam bepaal.



- Sertifisering verseker voldoening aan
- internasionale produksiestandaarde,
- waaronder lae vlakke van swaarmetale en
- ander afvalprodukte, en maak voorsiening
- vir die terugvoer van alle rou materiaal na
- hul oorsprong.
- Neutrog sertifiseer tans drie produkte
- (Rapid Raiser, Bounce Back, Blade Runner)
- by wyse van die ECOCERT-
- sertifiseringsproses. Die ECOCERT-logo is
- duidelik op die verpakking van alle
- gesertifiseerde produkte sigbaar.

- Alle Neutrog-produkte word aan dieselfde
- streng prosedures onderwerp.

• Organiese Materiaal en Waterhouvermoë

- Organiese Materiaal speel 'n noodsaaklike
- rol in die behoud van voedingstowwe
- en vog in die grond. Die organiese
- materiaalvlak van spesifieke Neutrog-
- produkte word by elke ontleding getoon.

• Registreer Aanlyn vir Bywerkings.

- Om gereelde bywerkings van nuwe
- produkte, katalogusse en
- nuusbriewe te
- ontvang, besoek
- ons tuisblad by
- www.neutrog.co.za



Rapid Raiser



3:3:3 Organiese
Bemestingstof
in Korrelvorm.
ECOCERT-
gesertifiseerd.

Ontleding (Ongv.)

(droëgewig-basis)		%W/W
Vog		130g/kg
Stikstof	N	30 g/kg
Fosfor	P	27 g/kg
Kalium	K	27 g/kg
Kalsium	Ca	60 g/kg
Swael	S	5 g/kg
Magnesium	Mg	7 g/kg
Sink	Zn	470 mg/kg
Mangaan	Mn	500 mg/kg
Yster	Fe	4000 mg/kg
Koper	Cu	60 mg/kg
Boor	B	48 mg/kg
Natrium	Na	6000 mg/kg
Produkdigtheid		650 kg/m ³
Organiese Materiaal		650 kg/m ³

GEBASEER OP KOMPOSGEMAAKTE PLUIMVEEMIS
Bemestinggroep 2, Reg.nr. B3432, Wet 36 van 1947.

Blade Runner



3:1:2 Organiese
Bemestingstof
in Krummelform.
ECOCERT-
gesertifiseerd.

Ontleding (Ongv.)

(droëgewig-basis)		%W/W
Vog		130 g/kg
Stikstof	N	30 g/kg
Fosfor	P	12 g/kg
Kalium	K	25 g/kg
Kalsium	Ca	12 g/kg
Magnesium	Mg	6 g/kg
Sink	Zn	350 mg/kg
Mangaan	Mn	650mg/kg
Koper	Cu	15 mg/kg
Produkdigtheid		650 kg/m ³
Organiese Materiaal		650 kg/m ³

GEBASEER OP KOMPOSGEMAAKTE PLUIMVEEMIS
Bemestinggroep 2, Reg.nr. B3247, Wet 36 van 1947.

Bounce Back



3:1:1 Organiese
Bemestingstof
in Korrelvorm.
ECOCERT-
gesertifiseerd.

Ontleding (Ongv.)

(droëgewig-basis)		%W/W
Vog		120g/kg
Stikstof	N	30g/kg
Fosfor	P	11g/kg
	P ₂ O ₅	25g/kg
Kalium	K	10g/kg
	K ₂ O	12g/kg
Kalsium	Ca	25g/kg
Swael	S	6g/kg
Magnesium	Mg	8g/kg
Sink	Zn	443mg/kg
Produkdigtheid		655kg/m ³
Organiese Materiaal		655kg/m ³

GEBASEER OP KOMPOSGEMAAKTE PLUIMVEEMIS
Bemestinggroep 2, Reg.nr. B2889, Wet 36 van 1947.

Sudden Impact for Roses



9:4:12 Versterkte,
Organies-
gebaseerde
Bemestingstof in
Korrelvorm.

Ontleding (Ongv.)

(droëgewig-basis)		%W/W
Stikstof	(N)	89 g/kg
Fosfor	(P)	37 g/kg
Kalium	(K)	120 g/kg
Kalsium	(Ca)	11 g/kg
Magnesium	(Mg)	3 g/kg
Sink	(Zn)	300 mg/kg
Natrium	(Na)	3800 mg/kg
Koper	(Cu)	25 mg/kg
Boor	(B)	15 mg/kg
Yster	(Fe)	1200 mg/kg

GEBASEER OP KOMPOSGEMAAKTE PLUIMVEEMIS
Bemestinggroep 1, Reg.nr. K6897, Wet 36 van 1947.
**Spesiaal geformuleerde, topgehalte
roosbemesting.**

UpSurge



7:1:6 Versterkte,
Organies-
gebaseerde
Bemestingstof
in Krummel- en
Korrelvorm.

Ontleding (Ongv.)

(droëgewig-basis)		% W/W
Stikstof	(N)	76 g/kg
Fosfor	(P)	13 g/kg
Kalium	(K)	67 g/kg
Kalsium	(Ca)	20 g/kg
Swael	(S)	1 g/kg
Magnesium	(Mg)	4 g/kg
Sink	(Zn)	250 mg/kg
Yster	(Fe)	2200 mg/kg
Koper	(Cu)	30 mg/kg

GEBASEER OP KOMPOSGEMAAKTE PLUIMVEEMIS
Bemestinggroep 1, Reg.nr. K6898, Wet 36 van 1947.

Seamungus



3:1:2 Organiese
Bemestingstof
in grond
konditioneerder.

Ontleding (Ongv.)

Stikstof	N	36g/kg
Fosfor	P	14g/kg
Kalium	K	24g/kg
Swael	S	4.9g/kg
Kalsium	Ca	40g/kg
Magnesium	Mg	6.7g/kg
Yster	Fe	1,030mg/kg
Mangaan	Mn	460mg/kg
Sink	Zn	315mg/kg
Koper	Cu	60mg/kg
Boor	B	45mg/kg
Koolstof	C	50.30%
Humussuur		40g/kg
Fulviensuur		29g/kg

GEBASEER OP KOMPOSGEMAAKTE PLUIMVEEMIS
Bemestinggroep 2, Reg.nr. B3842, Wet 36 van 1947.

Grasbane, Parke en Tuine

Gewas	Fase	Aanbevole Produk	Toedieningshoeveelheid
Grasbaan/Grasperk Gevestig	Herfs	UpSurge	400-600 kg/ha
	Winter	Blade Runner	400-600 kg/ha
	Lente	UpSurge	400-600 kg/ha
	Somer	Blade Runner	400-600 kg/ha
Grasbaan/Grasperk Nuut/Kits	Voor aanplanting	Rapid Raiser/ Seamungus	400-600 kg/ha
Tuine	Herfs	Rapid Raiser	100 g per m ²
	Winter	Bounce Back/ Seamungus	100 g per m ²
	Lente	Rapid Raiser	100 g per m ²
	Somer	Bounce Back/ Seamungus	100 g per m ²
Rose/Nie-inheemse Blomme	Herfs	Sudden Impact for Roses	100 g per roos
	Winter	Bounce Back / Seamungus	100 g per roos
	Lente	Sudden Impact for Roses	100 g per roos
	Somer	Sudden Impact for Roses	100 g per roos

Landerye

Gewas	Fase	Aanbevole Produk	Toedieningshoeveelheid
Graangewasse (Droë Landerye)	Planttyd	Rapid Raiser	100-300 kg/ha
Graangewasse (Besproeiing)	Planttyd	Rapid Raiser	200-500 kg/ha
Weiveld	Voor aanplanting	Rapid Raiser / Seamungus	200-400 kg/ha
	Gevestig	Bounce Back / Rapid Raiser / Seamungus	200-400 kg/ha
	Gevestig	UpSurge	100-300 kg/ha

Wingerdbou

Gewas	Fase	Aanbevole Produk	Toedieningshoeveelheid
Wingerdstokke	Voor aanplanting	Rapid Raiser / Seamungus	200 g per plant
	Gevestig tot 2 jr oud	Bounce Back / Seamungus	1 ton per ha/jaar
Tafeldruiwe	Planttyd	Rapid Raiser / Seamungus	200 - 400 g per plant
	Gevestig tot 2 jr oud	Bounce Back / Seamungus	1 ton per ha/jaar



Tuinbou

Gewas	Fase	Aanbevole Produk	Toedieningshoeveelheid
Vrugtebome	Voor aanplanting	Rapid Raiser	500 gemeng met grond van plantgat
	Gevestig	Bounce Back	10 weke later 500 g / boom-bobemesting
		Bounce Back/ Seamungus	1 tot 1.2 ton per ha
Groente	Voor aanplanting	Rapid Raiser/ Bounce Back	1 - 1.6 ton per ha
Suikerriet	Voor aanplanting	Rapid Raiser	1000 - 1,200 kg per ha

Fynbos / Inheems

Gewas	Fase	Aanbevole Produk	Toedieningshoeveelheid
Protea / Boegoe / Inheems	Voor aanplanting	Rapid Raiser / Seamungus	500 kg per ha
	Herfs	Rapid Raiser / Bounce Back	500 kg per ha
	Lente	Rapid Raiser / Bounce Back	500 kg per ha
Rooibos	Voor aanplanting	Rapid Raiser / Seamungus	150 - 300 kg per ha
	Gevestig	Rapid Raiser / Bounce Back	150 - 300 kg per ha



Let wel: Die toedieningshoeveelheid behoort slegs as riglyn gebruik te word. Elke boer se klimaatstoestande en grondtipes sal regstellings noodsaak, om opbrengste te optimaliseer.

Waar moontlik beveel ons aan dat gereelde blaartoetse gedoen word om die beskikbaarheid van werklike plantvoedingstowwe tydens elke groeisyklus te bepaal.

Grondtoetse minstens een maal elke drie jaar is noodsaaklik. Neutrog is eerstens 'n grond-opknapper en dán 'n bemestingstof.

Skakel ons by 021 972 1958 met enige navrae.



Just try it.

Vervaardig en verpak deur Neutrog Africa, onder lisensie van Neutrog Australië.

Neutrog Africa Edms. Bpk.

Posbus 81 Philadelphia 7304

Tel: (+27) 021 972 1958

Fax: 086 672 2328

Email: sales@neutrog.co.za

Web: www.neutrog.co.za